verskil

Nuusbrief - Noordelike Sinode

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

19 Januarie 2018
Nr 1/2018

Warm nuus!

- **Eerstejaarskamp 2018**: **Universiteitsoord** – ***22-26 Januarie 2018*** *Daar is nog plek!!!*
  Vir volledige inligting besoek: http://www.universiteitsoord.co.za/ejk-meer-inligting.html

- **Ringsontwikkeling**
  Daar vind vier geleenthede plaar waar ringskommissies die geleentheid gaan kry om bietjie saam te dink oor hulle rol.
  Datums:
  9 Februarie – 09:00-12:00, NG Waterkloof
  12 Februarie – 09:00-12:00, NG Vorentoe (Brits)
  16 Februarie – 09:00-12:00, NG Overkruin
  19** Februarie* – 09:00-12:00, NG Pietersburg-Noord - *Let asb daarop dat die datum gewysig het.**
  Ringskribas sal binnekort meer besonderhede rakende die byeekomste ontvang.

NB Laat weet asb ten minste *'n week voor die betrokke byeenkoms* vir Hermien [hermien@noordsin.co.za; tel 012-440 6525] indien julle dit gaan bywoon.

Sinodale nuus

- **Bybel-lees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***23 Januarie*****:** **Skriflesing**: Ou Testament
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Kollega nuus

- **Siekte**

Braam le Roux (Pretoria) ontvang vanaf 23 Januarie chemoterapie.
Gerrie Strydom (Florandia) is vroeg in Januarie geopereer nadat hy in Desember met kanker gediagnoseer is. Hy sterk tuis aan.

❖ Beroepe/bevestigings

Johan van den Heever (Eldoraigne) het die beroep na *Rondebosch* aanvaar. Sy afskeid vind op 28 Januarie 2018 plaas.
Frans de Beer (Springbokvlakte) het die beroep na Hertzogville bedank.
Fay van Eeden (Lynnwood) het die beroep na Stellenberg bedank.
Willie Korb (Môregloed) is op 6 Januarie 2018 georden en bevestig. Hy het op 7 Januarie 2018 sy intreepreek gelewer.
Nadine van Eden (Waverley) is op 14 Januarie 2018 georden en bevestig. Sy het ook haar intreepreek gelewer.
Stéphan Strydom (Dalunie) is op 14 Januarie 2018 bevestig. Sy intreepreek is op 21 Januarie 2018.
Riaan Odendaal (Waterberg) word op 21 Januarie 2018 bevestig. Hy lewer dan ook sy intreepreek.

❖ Emeritaat

Wollie Wolhuter (Waterberg) het op 31 Desember 2017 geëmeriteer en sy afskeidspreek was op 7 Januarie 2018.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

01/07	Dirk van Zyl [Emeritus, 084 038 8993]
22/01	Braam le Roux [Pretoria, 083 452 5963, akleroux@telkomsa.net]
	Pieter Simpson [Emeritus, 082 774 0195, pajs@absamail.co.za]
25/01	Matie Horn [Pietersburg-Moeder, 083 271 5259, matiehorn@webmail.co.za]
	Abraham Viviers [Waterberg, 083 232 2445, aviviers@telkomsa.net]
26/01	Piet Smit [Emeritus, 083 260 6417, petrussmit@vodamail.co.za]
	DE van den Berg [Emeritus, 083 775 3325, dvdb@gcs.co.za]

****

24/01	Zanné Randall [Overkruin, 072 207 8350, corne@ngoverkruin.org.za]
26/01	Roelof van Rooyen [Magalieskruin-Pretoria, 084 690 1971, lizvanrooyen@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Brits [Gestig 22/01/1949]
Wespoort [Gestig 22/01/1949]
Villieria [Gestig 22/01/1944]
Hartbeespoort [Gestig 26/01/1973]

❖ Kameeldrif - Jagpakketveiling

Kameeldrif hou hul jaarlikse jagpakketveiling op **3 Maart 2018**.
By die geleentheid vat hulle hande met gemeentes op die platteland wat jagplase het. Hulle reël die veiling, doen die bemarking, kry die voete, ensovoorts. Die gemeentes met wie hulle hande vat kry jagpakkette in hulle gemeentes geskenk. Die pakkette word by 'n gesellige funksie opgeveil. Die grootste deel van die wins gaan dan terug na die plattelandse gemeente.

- **Kliek hier om na die webwerf te kyk**: https://jagpakkette.yolasite.com
- **Gemeentes wat belangstel om deel te word** kan vir Drian Viljoen (0846082859) of Willem Pretorius (0835606668)skakel.

Raak gelees

❖ Droogte in die Boesmanland

Nico van der Westhuizen (Predikant van NG Loeriesfontein) skryf vandeesweek op Facebook na aanleiding van die erge droogte in die Boesmanland en Hantam: "... ek moet mense moed inpraat, en ek moet troos, en ek moet hoop gee oor môre en al die dae wat daarop volg. En dan weet ekself nie meer hoe nie, omdat die omstandighede ook nie by my verbygaan nie. Dit is waarom ek 'n tydjie gelede besluit het om maar net saam met my mense te wees, saam te lees en saam te bid al word dit ook selfs al moeilik." Dis die moeite werd om te **lees**.
Al kan jy niks anders doen nie, kan jy asb. bid vir hierdie gemeenskappe - en al die ander waar die droogte ongekende afmetings aanneem. [**Berig met dank oorgeneem uit VrydagNuus, amptelike nuusbrief van Wes Kaapland**]

❖ Bydraes vir Vrystaat Rampfonds

Vrypos, amptelike nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat, berig soos volg: "*Na groot skade deur verskeie brande in die distrikte van Boshof, Dealesville, Hertzogville en Hoopstad, waar ongeveer 60 000 hektaar weiding vernietig is en talle diere ook in die brande omgekom het, is daar regtig groot nood op sekere plekke met veral 'n groot behoefte aan veevoer. Die Interimkomitee (Moderamen) het 'n rampfonds geïnisieer en gemeentes/belangstellendes wat wil bydra, kan sodanige* ***bydraes in die rekening van die NG Kerk Vrystaat, ABSA rek nr 470 000 406, takkode 334 134 inbetaal - gebruik asseblief die verwysing, "VS Rampfonds"****.*
Ds Gideon Lamprecht wat die leiding geneem het met die droogtehulp, sal ook hierdie hulp koördineer, sy kontakbesonderhede is, sel 082 417 0507 en e-pos gideon.lamprecht777@gmail.com.
Die Interimkomitee spreek hulle hartlike dank uit vir skenkings wat reeds ontvang is."

Ander nuus

❖ Vision of Hope – Brits

Vakature: Bestuurspos
Vir die posbeskrywing en verdere inligting gaan kyk gerus op ons webblad http://ngbrits.com/waar-skakel-ek-in/vision-of-hope-brits/. Stuur asb 'n beknopte CV (maksimum 3 bladsye) met 2 referente per epos aan vohbrits@gmail.com of lewer per hand by NG Kerk Brits se kantoor af.
Vir meer inligting kontak *Grobbie Grobler* [078 501 4097].
Sluitingsdatum: *26 Januarie 2018*
Die direksie van Vision of Hope - Brits behou die reg om geen aanstelling te maak nie.

❖ Werkswinkel vir Fasiliteerders wat Jeuggroepe lei

Is jy 'n ...

- Leraar
- Onderwyser
- Kategeet
- Jeuggroepleier
- Jeugwerker
- Of werk jy net graag met kinders?

Het jy die kinders net een uur per week by jou en wil jy die tyd benut om regtig 'n verskil in die kinders se lewens te maak? Glo jy dat geloofs- en lewenswaarhede deur ervarings versterk kan word? Twyfel jy of jou manier van aanbieding regtig die kol tref?

Dan is die werkswinkel net vir jou!!

- **Datum**: Saterdag ***17 Februarie 2018***
- **Tyd**: 09:00 - 15:00
- **Plek**: NG Kerk Kameeldrif
- **Koste**: R490.00 per persoon
- **Aanbieders**: Roelf Opperman en Fritz Snyman
- **Kliek HIER om in te skryf**

❖ Sentrum vir Spiritualiteit: Jaarkursus

Oop vir die Oomblik: Jaarkursus in 'n lewe van Teenwoordigheid [Onderleiding van dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder]

Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee.
Datums: Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: ***15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie.***
Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: Stuur 'n epos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG RING, ABSA, 9328323743 - Merk die betaling soos volg: teenwoordigheid, van, noemnaam
Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 0835406015, immanuelvt@gmail.com; Willem Nicol 0839667831, wnicol@mweb.co.za.

- **Wêreldbiddag vir Vroue**: ***2 Maart 2018***

  Die **tema** is ***"Hoe wonderbaar is u skepping!"***
  Die **skrywerland** is **Suriname.**
  Besoek die volgende skakel om meer oor die geleentheid en program te lees: http://www.wwdp.co.za/information
  Navrae: Joa van Aarde by wwdp@telkomsa.net of tel. 011 975 4598.

- **Zama-Zama** : **Jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens**

  Datum: vanaf ***1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019***!
  Status van kursus: Sertifikaat. Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte**
  Registrasie: Tot en met *29 Februarie 2018*
  Navrae: *Dr Jan Botha* (012 5463545 of 076 481 5683 / E-pos: alfa@hepl4you.co.za) of *dr Retha Kruidenier* (012 329 1352 of 082 413 8462 / E-pos - retha@geo-logic.com)
  Webwerwe: alfapastoralepraktyk.com of zamazamahope4u.com

- **Nuusbriewe**
  - **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za] – Dié week is die fokus op die Februarie-uitgawe van LiG, Bybelstudies en Jeugfokusprodukte. [Lees hier verder...]
  - **CLF-nuus:**
    Die Week van Gebed vir 2018, met die tema ***Gebed vir die wêreld op die voetspoor van die apostel Paulus*** is nou beskikbaar by CLF! Dit kan afgelaai word by https://clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Plekke waar daar steeds knellende droogte heers.**
- **Skole wat hierdie week weer begin het.**
- **Eerstejaarskampe, Universiteitsoord.**
- **Ons land se leiers.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **UP Fakulteit Teologie**: **Gelegitimeerde proponente 2017**
  - ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  - ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  - ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
  - ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]

- ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
- ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
- ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
- ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
- ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ Elarduspark: Vakature – voltydse pastorale leraarspos

Gemeenteprofiel: Elarduspark is 'n makrogemeente in die ooste van Pretoria wat tans deur 5 voltydse leraars, elk met 'n eie spesialisasie terrein, bedien word. Die gemeente beskik ook oor 'n CMR-kantoor wat deur 2 maatskaplike werkers en 'n administratiewe beampte bedryf word.
Vergoeding: Volgens sinodale riglyne waarby ingereken 'n huissubsidie.
Diensaanvaarding: ***1 April 2018***.
Sluitingsdatum: *31 Januarie 2018*
Navrae: Ds Leon Westhof (leonwesthof@ngelarduspark.org.za) of 012 345 1144.

Ten slotte

Terug

BYLAES

Bybel-Media Nuusbrief 1/2018

Lees in die Februarie-uitgawe van LiG ...

In *LiG* se Februarie-uitgawe straal ons van vreugde! Franja du Plessis vertel hoe sy haar sangloopbaan aan God se genade te danke het. Ons gesels met Zanne Stapelberg ná haar tyd van swaarkry.
Ons leer uit die Bybel hoe jy jou vreugde in die Here kan vind. En motiveer jou om 'n kopskuif in 2018 te maak – jy kán jou gelukkig dink!
Ons gee raad aan ouers:

- Probleme met maats – moet jy terugstaan of ingryp?
- Hoe om 'n gebroke tienerhart te troos
- 12 gebede om vir jou kind te bid

LiG het ook heerlike resepte vir kos wat nou in seisoen is, en 'n pragtige hekelpatroon vir 'n vrolike kussing.
Maak 'n verskil! 1% van LiG se inteken-inkomste gaan aan projekte wat fokus op vroeëkinderontwikkeling. Teken nou in as gemeente by jeanne@tydskrifte.co.za en kry ook afslag.

Jongste Bybelkor-publikasies

Verwondering ... Jaap Durand: *Geloofsrus in 'n tyd van vertwyfeling*
In Verwondering lei Jaap Durand die leser tot die besef dat geloof veelkantig is. Al assosieer ons geloof gewoonlik met dinge soos vertroue en vaste sekerheid, is daar in ons geloofservaring ook ruimte vir vertwyfeling, verlange, soeke, vrae. Want geloof is nie staties of onveranderlik nie. Dit is dinamies, deel van die lewens-avontuur, deel van 'n pelgrimstog. Dit is nie 'n probleem wat, eens en vir altyd, opgelos moet word nie, maar 'n misterie wat keer op keer binnegegaan moet word.
Prys: **R 130,00** (BTW en posgeld in SA ingesluit).

Bybelstudies / Kleingroepe:

Rut ... Kobus Myburgh en Annene Mullins: *God deur mense by mense*
Die boek Rut gee 'n mens 'n rilling van lekkerkry. Dit is 'n liefdesnovelle met genoeg spanning en humor om jou tydens 'n Sondagmiddag se lees te boei. En wanneer jy klaar gelees het, kom jy agter jy dink nuut oor mense wat anders as jy is.

Die boek Rut is geskryf in 'n tyd toe die leiers van die volk vreemde vroue en hulle kinders terug huis toe gestuur het. Rut speel egter lank voor hierdie tydperk af in 'n tyd van hongersnood toe 'n familie vir oorlewing na Moab getrek het.

Rut is 'n Moabitiese meisie wat haar skoonma, Naomi, baie liefhet. Rut weet wat Naomi se hartsbegeerte is en sy beraam planne om dít te verwesenlik.

Prys: **R45,00** (BTW en posgeld in SA ingesluit).

Jakobus ... Kobus Myburgh en Annene Mullins: *Hoe nou gemaak?*
Het jy al vreemd gevoel op 'n plek en gewonder of jy regtig daar hoort? Dit is hoe die mense wat Jakobus se brief die eerste keer gehoor het in hulle omgewing gevoel het. Vreemd, uitgelewer en met 'n diep hunkering na hulle plek van herkoms, êrens waar hulle tog net kan tuis wees.
Vir hulle vertel die skrywer van hierdie brief dat behoort-aan-God al hierdie gevoelens relativeer en dat wysheid hulle help om nie selfgesentreerd te wees nie en nie vas te val in hulle eie klein wêreldjie nie.
Prys: **R75,00** (BTW en posgeld in SA ingesluit).

Jeugfokus

Kleuterkerk 2 – Aanbiedersgids **(R120,00)** en Doenboek **(R85,00)**
Kleuterkerk 2 Aanbiedersgids is 'n uitstekende hulpmiddel vir enige gemeente se kinderbediening. Die 25 aanbiedings in hierdie boek bevat alles wat jy nodig het om jong kinders van 2-5 te laat ervaar dat Jesus baie lief is vir hulle, om hulle meer van die Here Jesus te leer en om hulle te lei om 'n persoonlike verhouding met die Here te bou. Die *Kleuterkerk 2 Doenboek* is 'n inkleur- en aktiwiteitsgids vir elke kleuter.

Kompas – Rigting vir die lewe (Leiersgids – **R80,00** en Gespreksgids – **R60,00**)
Die Tema-kategesereeks is spesiaal ontwerp vir jongmense

- om aan hulle geloof diepte te gee sodat dit hulle lewe stewig kan anker.
- om aan hulle die hulpmiddels te gee wat hulle sal help om die uitdagings van die lewe suksesvol aan te pak.
- om hulle te help om in hulle verhouding met die Here met 'n roeping en 'n droom te leef.

Die 10 temas is ideaal om in kategese, omgeegroepe vir jongmense of by jeugkampe te gebruik. Dit is 'n wonderlike hulpmiddel vir mense wat in kwartaal-reekse of seisoen-siklussse met jongmense wil werk.

Let the children come to Me – Children's Sunday school
Six activity books (3 OT and 3 NT)
These six activity books offer young children do-it-yourself activities based on core Scriptures from the Old Testament and the New Testament in the Bible. Through these activities the children discover in a playful way more about 90 stories from the Old Testament and the New Testament that play an important role in our faith formation.
Price: **R35,00** each (VAT and postage is SA included).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug